COVID HOTLINE 021 928 7102

HSH – NOU MEER AS OOIT TEVORE, DOEN ONS DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON

VALUE FOR TERM 2 – PAY IT FORWARD!

Nuusbrief 12/2020
26 Junie 2020

Liewe Ouers

Jou hele menswees werk mos in seisoene. Somermaande is net nie dieselfde sonder die see en die reuk van duikpakke, sonbrandolie en seebamboes nie. Wintermaande sonder die reuk van 'n tent, 'n staanvuur en die eet van 'n gekookte eier en padkos is ondenkbaar. Nou het 'n baie slegte ding gebeur – die Junie-vakansie het nie gebeur nie en die Fourie-familie het erge onttrekkingsimptome. Dit is asof jou liggaam vra vir die dinge waaraan hy gewoond is. Net so vra my hele wese vir 'n vierkant vol jillende kinders wat handjietennis speel, 'n skoolsokkie se musiek, die sing van die Skoollied, Saterdae se sport en 'n HSH pannekoek… Ek sal my siel en 'n voortand of twee verkoop vir 'n pannekoek! Dit sal en moet verbygaan en voor ons weer ons oë uitvee, tiek ons al hierdie boksies.

I am positively inspired by a general spirit of "can do" and that typical South African spirit of eternal optimism among our HSH parents. Maybe the tide is starting to turn. Let's keep on believing!

1. Staff

Our prayers are with Allan Dreyden, one of our Governing Body members, and his family. At this moment Allan is in the Intensive Care Unit. We also keep Oom Rassie, our bus driver on the Velddrif route, in our prayers. Oom Rassie is recovering after a stroke and we wish him a speedy recovery. Oom Charlou, our superintendent of the boys' hostel, will be in hospital for a major medical procedure. Our best wishes accompany him.

Mr Jean and Mrs Anine Rossouw were blessed with a son, JP, who is definitely going to be the source of great pride for them. The HSH family cannot wait to meet him.

Mr. Hannes de Beer is a grandfather! We can just imagine that little Amelie is going to be spoilt rotten by the De Beer family!

We are also happy to report that Mr Jeremy Constable and Mr Jurgens Schreuder was appointed in WCED contract posts for the next 6 months. Congratulations to Mr Visser Bezuidenhout who was appointed permanently as EGD and Technology teacher.

2. **Nuwe rooster**

Vanaf 6 Julie is die volgende graadgroepe terug by die skool:
Gr. R-3
Gr. 6 en 7
Gr. 10-12

3. **School fees**

I know that all of us are going through hard times, therefore it is just mind-blowing to experience our parents' continued support in the way they keep on paying their school, bus and hostel fees. We **cannot** thank you enough for that!

4. **HSH Hub**

HSH nooi alle besighede in die HSH-familie uit om deel te raak van ons nuwe Business Hub. 'n Whatsapp-groep word gestig waar ouers se besighede die kans gegun word om geleenthede te deel en mekaar te ondersteun.

Om aan te sluit, stuur u besigheid se naam en nommer na Elaine Meintjes:
nr.: 066 205 7712

Ek onthou 'n Halleluja-liedjie uit my prille jeug met die titel "As die lewenstorme woedend om my slaan". Dis 'n feit dat die lewenstorme ons vanjaar 'n bietjie pak gegee het. Dit is ook 'n feit dat skepe nie gebou is om in die hawe op anker te lê nie. Vanaf volgende week gaan die Graad 6, 10 en 11 leerders by ons aansluit. Ek wil hulle ouers ook verseker dat die HSH-span kliphard gewerk het om te verseker dat alles so veilig moontlik is. Kom ons kry ook terselfdertyd die HSH-skip uit die hawe uit – hoe vinniger ons kan strewe na normaliteit, hoe beter vir ons almal!

Kyk na julleself!

Voorspoed!

Wehan Fourie (Skoolhoof)